

HOOFSTUK 1

INLEIDING

1.1 INLEIDEND

Christene spreek meermale die versugting uit dat hulle 'n behoefte het aan groter selfbeheersing. Dit is klaarblyklik 'n eienskap wat met Christenskap geassosieer word, maar gelowiges se belewenis is dat hulleself nog nie die verlangde standaard van selfbeheersing bereik het nie. Meestal klink dit of gelowiges daarmee hulle beheersing van hulle humeur, eet- en drinkgewoontes en moontlik hulle hantering van onnoembare begeertes in die oog het. Onbeheerstheid en ongedissiplineerdheid, as antitese van 'n gedissiplineerde of selfbeheerste Christelike lewe, is afkeurenswaardig en pas nie by 'n volgeling van Jesus Christus nie.

Dat gelowiges 'n behoefte het om 'n meer gedissiplineerde of beheerste lewe te lei, blyk ook uit die talle populêre geskrifte oor dié onderwerp wat verskyn. 'n Goeie voorbeeld is Donald Whitney se "Spiritual Disciplines for the Christian Life" (1992). Hy verduidelik: "The Spiritual Disciplines are those personal and corporate disciplines that promote spiritual growth.... I can say that I've never known a man or woman who came to spiritual maturity except through discipline" (1992:15). Hy beoog om die Skriftuurlike maniere te beskrywe waarop Christene hulleself kan dissiplineer in gehoorsaamheid aan die Skrif (1992:14). Geestelike dissiplines wat hy voorstel is, onder andere, gebed, aanbidding, stilte, vas en diens.

Na my mening is daar 'n groot behoefte aan duidelikheid oor wat die werklike Bybelse betekenis van selfbeheersing is. Te veel vreemde betekenis kry hedendaags 'n Skriftuurlike baadjie. Neem byvoorbeeld die tipiese postmoderne mens se siening en hantering van selfbeheersing. Dit is nie alleen uiters interessant nie, maar bied ook verrassende insig op die mens van vandag se lewensuitkyk. Vir baie beteken dit dat jy nie toelaat dat iemand anders, ook iemand Anders, jou lewe beheers en jou vryheid beperk nie. Jy aanvaar self verantwoordelikheid vir jou lewe, want jy

slaag daarin om selfbeheersing te beoefen. Ander mense, met minder selfdissipline, verloor hulle selfbeheersing maklik en daarom kyk jy meewarig neer op die wat gebrek aan selfbeheersing het. Natuurlik besluit jyself wat is gebrek aan selfbeheersing: seksuele verhoudinge waarvoor jy lus het of die verloor van jou humeur hoef dus nie te dui op gebrek aan selfbeheersing nie. Hierdie sienings kom ook tot uiting in die Christelike etiek van vandag. Aan die een kant skyn dit of selfbeheersing nie meer 'n deug is wat van 'n Christen verwag kan word nie, want sy vryheid in Christus moet nie beperk word nie. Hy bak graag in die sonskyn van God se genade, maar wil nie graag herinner word aan die volle implikasies van geloofsgehoorsaamheid nie. Dit het tot gevolg dat, wat baie gelowiges se lewe aan betref, dit haas onmoontlik geword het om dit enigsins te onderskei van ongelowiges s'n. Baie gelowiges staan net nie meer uit as ligdraers in 'n donker wêreld nie.

Aan die ander kant is die fundering vir selfbeheersing van sommige gelowiges onrusbarend soortgelyk aan die humanistiese post-Christelike denke: D G Kehl ("The forgotten Fruit of the Spirit")¹ moedig gelowiges aan tot selfdissipline en vereis daarvoor "the believer's daily dozen" - twaalf dinge wat jy moet sorg dat jy elke dag doen, want selfbeheersing is "... also a fruit of the spirit." Selfbeheersing word so niks anders as mensewerk met slegs lippediens aan die vernuwende werk van Christus en die leiding deur die Gees.

Daarom kan dit groot waarde hê om opnuut te kyk na hierdie aspek van die vrug van die Gees in die lewe van die gelowige.

1.2 BENADERINGSWYSE

My bedoeling is om Nuwe Testamentiese teologie te beoefen binne 'n geloofsperspektief. Ek glo nie dit is moontlik om wetenskap neutraal te beoefen nie. Derhalwe fokus ek op die Bybel as die Woord van God en wil met hierdie studie graag 'n bydrae lewer om die veelkleurige Woord beter te verstaan en help om dit betekenisvol in gelowiges se lewens te integreer. Die indikatief van

¹ In *Christianity Today* (7-10-1983:33).

God se verlossingswerk in Jesus Christus is onlosmaaklik verbind aan die imperatief van 'n geloofsgehoorsame lewe.

Terwyl ek groot waardering het vir – en dankbaar gebruik maak van – 'n filologiese studie soos wat Helen North van σωφροσύνηgemaak het (1966)², is my fokus meer teologies van aard. Wanneer ek bronne buite die Nuwe Testament ondersoek, is dit alleen met die oogmerk om Paulus se gebruik van die begrip beter te probeer verstaan.

Ek sou my benadering tot die onderwerp vanuit 'n kommunikatiewe hoek wou doen – bedoelende daarby dat 'n sender 'n sekere boodskap aan 'n sekere ontvanger wou stuur. Daarvoor gebruik hy kommunikatiewe metodes en wend hy sekere begrippe aan. Hierdie begrippe, waarvan *enkrateia* een is, moet binne daardie spesifieke raamwerk verstaan word. Die oogmerk van hierdie studie is om een so 'n begrip, *enkrateia*, van 'n betekenisraamwerk te voorsien.

1.3 AFBAKENING VAN DIE BETEKENISVELD WAARBINNE ἐγκράτεια VAL

Ἐγκράτεια en sy verwante vorme in die Nuwe Testament vorm deel van 'n subbetekenisveld wat gekarakteriseer kan word as "selfbeheersing". Hierdie subbetekenisveld val op sy beurt binne die groter betekenisveld van "morele en etiese kwaliteite en verwante gedrag" (Louw & Nida 1988:743, 751-753).

Die volgende woorde kan geïdentifiseer word in die Nuwe Testament as woorde wat gebruik word om positiewe en negatiewe fasette van hierdie subbetekenisveld aan te dui:

1.3.1 ἐγκρατεύομαι (ww), ἐγκράτεια (s.nw)
en ἐγκρατής (b.nw).

Die werkwoord beteken om volledige beheer uit te oefen oor begeertes en dade, byvoorbeeld 1 Korintiërs 9:25: "Almal wat aan 'n wedstryd deelneem, **ontsê hulleself** allerlei dinge...."

² "My aim has been to trace the development of the concept from its earliest appearance in the Homeric poems to its transformation into a Christian virtue in the fourth century of our era" (1966:vii).

Εγκράτεια is op sy beurt die abstrakte selfstandige naamwoord wat selfbeheersing beteken soos Paulus dit byvoorbeeld in die lys van die vrug van die Gees gebruik in Galasiërs 5:23, terwyl ἐγκρατής as byvoeglike naamwoord beteken om selfbeheerst te wees, byvoorbeeld Titus 1:7-8: "'n Ouderling moet**selfbeheers**... (wees)."

1.3.2 χαλιναγωγέω

Dit word gebruik in die figuurlike sin van in toom te hou, byvoorbeeld Jakobus 1:26: "... maar **hy hou** nie sy tong **in toom** nie, bedrieg hy homself."

1.3.3 νήφω

Om op te tree met bedwang, selfbeheersing, soberheid of gematigdheid, byvoorbeeld 1 Tessalonisense 5:8: "Maar ons wat van die dag is, **moet nugter wees.**"

1.3.4 νηφάλιος

Dit wys op optrede op 'n beheerste, bedwonge manier, byvoorbeeld 1 Timoteus 3:2: "'n Ouderling **moet nugter wees....**"

1.3.5 γυμνάζω

Om jouself te beheers met deeglike dissipline, selfdissipline, byvoorbeeld 1 Timoteus 4:7: "**Oefen jou** liever om in toewyding aan God te lewe."

1.3.6 ὑπωπιάζω

Om in die figuurlike sin jou liggaam onder totale beheer te hou, met die implikasie van harde oefening en kastyding as deel van dissipline, byvoorbeeld 1 Korintiërs 9:27: "Maar ek **oefen** my liggaam en bring dit onder beheer"

1.3.7 ἀπειδία

Ysere selfbeheersing met die suggestie van 'n asketiese en selfkastydende houding, byvoorbeeld Kolossense 2:23: "Hierdie leerstellings het wel 'n skyn van wysheid met hulle

selfgemaakte godsdien, danige nederigheid en **streng beheersing** van die liggaam"

1.3.8 ἀκρασία

Om nie daarin te slaag om selfbeheerst te wees nie, gebrek aan selfbeheersing, byvoorbeeld 1 Korintiërs 7:5: "..... sodat Satan julle nie miskien weens julle **gebrek aan selfbeheersing** verlei nie."

1.3.9 ἀκρατής

Gebrek aan selfbeheersing, onbeheers, bandeloos, byvoorbeeld 2 Timoteus 3:3: "... hulle sal liefdeloos en onversoenlik wees, kwaadpratere, **bandeloos** en wreed, sonder liefde vir die goeie..."

In die Pauliniese hoofbriewe is die sentrale begrip in hierdie subbetekenisveld die woordgroep ἐγκρατ- wat sy betekenis kry van die stam κρατ wat wys op mag en heerskappy en wat die mag of heerskappy uitdruk wat jy oor jouself of oor iets het. Die sentrale betekenis tree mooi na vore in die adjektief ἐγκρατής. Suiwer wat vorm aanbetref, kan dit afgelei word van ἐν κράτει (ῶν) wat beteken om "in mag te wees." Εγκρατής het dus die sentrale betekenis van iemand wat in 'n magsposisie of heersersposisie is, wat mag - feitelik of geestelik - het oor iets, in besonder oor jouself (Grundmann 1966:339). Hierdie twee betekenis, mag oor iets en mag oor jouself, kry op verskillende stadia van die ontwikkelingsgeskiedenis van die woord die klem.

In die Nuwe Testament kom hierdie woordgroep nie in die evangelies voor nie. Dit is verrassend wanneer 'n mens in gedagte hou dat latere skole Johannes die Doper as 'n *enkraatiese* askeet beskou het. In die Pauliniese hoofbriewe kom dit slegs in Galasiërs (5:23) en 1 Korintiërs (7:5, 9; 9:25) voor. Verder word dit gebruik in Handeling 24:25, 2 Petrus 1:6 en Titus 1:8. Ακρατής kom voor in 2 Timoteus 3:3 terwyl Jesus in Matteus 23:25 die Fariseërs beskuldig van ἀκρασία in die betekenis van onmatigheid (Grundmann 1966:342).

1.4 BEGRENSING VAN HIERDIE STUDIE

Hierdie studie beoog nie om die betekenisveld "selfbeheersing" in die hele Nuwe Testament te ondersoek nie. Om die studie nie te wydlopend te maak nie, beperk ek my doelbewus op tweërlei wyse. Enersyds beperk ek my tot ἐγκράτεια en verwante vorme vanweë sy besondere belangrikheid binne gemelde betekenisveld en andersyds tot die Pauliniese hoofbriewe. Dat selfbeheersing as 'n Christelike deug 'n groot rol in gelowiges se lewe speel is grootliks te danke aan Paulus se kerstening van hierdie begrip. Ek gee wel kortliks aandag aan die gebruik van begrippe in die betekenisveld van beheerste en verstandige optrede in die pastorale briewe en ontwikkelinge daarna in die dogma-geskiedenis, want ek wil werklik poog om hierdie studie te aktualiseer vir vandag. Om die Pauliniese gebruik egter binne die breër raamwerk van die destydse wêreld te kan visualiseer, gaan ek eers kyk na ἐγκράτεια in die buite Nuwe-Testamentiese literatuur.

Dit is ook nodig om duidelik te maak dat ek op ἐγκράτεια fokus en nie op σωφροσύνη nie. Die twee begrippe loop dwarsdeur die antieke geskiedenis hand aan hand (vgl. North se studie 1966, veral 124 e.v.). Die Pauliniese hoofbriewe is 'n verrassende uitsondering. Paulus gebruik σωφρόνως in Rom 12:3 om 'n beskeie houding by die gelowige aan te moedig. Takseer jouself reg as iemand wat ook jou geloof van God ontvang het. In 2 Korintiërs 5:13 gebruik hy die begrip om die teenoorgestelde van geestesvervoering uit te beeld – iemand wat met 'n heldere verstand ander lei in hulle geloof. Maar σωφροσύνη gebruik hy nie! Hy moes sekerlik met die begrip bekend gewees het. Daarom lyk dit na 'n doelbewuste en beplande ignorering van hierdie een van die vier primêre Griekse deugde ten gunste van ander begrippe, soos ἐγκράτεια. Derhalwe draai hierdie studie – met my vermelde oogmerke – om laasgenoemde begrip.

1.5 VORIGE NAVORSING OOR ENKRATEIA

Navorsing oor die begrip *enkrateia* in sy Nuwe Testamentiese gebruik is, veral in die Gereformeerde wêreld, verstommend skraal.

Vanuit die Katolieke tradisie is daar veel meer studie gedoen, maar dan val die klem eerder op 'n dogma-historiese benadering.

Verder val dit op dat navorsers selde op *enkrateia* konsentreer omdat dit doodgewoon gereken word as deel van 'n asketiese leefwyse. En oor asketisme is daar al eindeloos nagevors.....

Behalwe artikels in Kittel (Grundmann 1966:339 e.v.) en die Reallexikon (Chadwick:1962:343 e.v.) is dit slegs Hill (1976:70 e.v.) wat in 'n artikel in die Australiese "The Reformed Theological Review" baie spesifiek op Paulus se gebruik van die begrip ingegaan het. Tereg merk hy op dat 'n begrip wat so 'n wesentlike rol speel in die bepaling van die gelowige se etiese lewe, nie verdien om uitgeskuif te word na die periferie van die Pauliniese etiek nie.

Ek vertrou dat hierdie studie 'n bydrae sal lewer om aan *enkrateia* sy regmatige plek in die Christelike etiek te gee.